'n Wonderwerk as sy 'Survivor' wen, sê Ashley

Amanda de Lange

Ashley Hayden en GiGi klink in 'n lugballonrit by Montecasino 'n glasie op hul sukses in *Survivor SA: Santa Carolina*. Foto: CATHY PINNOCK

Dit sal 'n wonderwerk wees as sy *Survivor SA: Santa Carolina* (vandag op M-Net 19:30) wen, meen Ashley Hayden.

Hayden en die eksotiese danseres GiGi het gister hul landwye toer om steun te werf met 'n lugballonrit by Montecasino, Johannesburg, afgesluit.

"Ek het ernstige twyfel oor die stemme (by die laaste stamvergadering). Die beste opsie wat ek nou het, is 'n gelykopverdeling van die stemme met vier elk vir my en GiGi en dat ek dan moontlik die publiek se stem kry," het sy gister in 'n onderhoud aan *Beeld* erken.

Volgens Hayden het sy verlede week na die reeks se voorlaaste episode gekyk en gedink: "Dit gaan nie goed vir jou nie, Ashley."

Oor wie moontlik tydens die stamvergadering vir haar sou stem, het Hayden gelag. "Ek het daai een al oor en oor in my kop probeer uitwerk en nie 'n antwoord gekry nie."

Tydens verlede week se stamvergadering waartydens die jurie die laaste twee deelnemers onder oë kon kry om vrae aan hulle te stel, het dit geblyk Hayden het minstens twee stemme in die sak – dié van Izak Davel en ProVerb.

"Ja! Ek het minstens twee stemme! Dit sal darem nie nege stemme teen nul wees nie. Die skande en vernedering daarvan sou eens te erg gewees het!"

Maar, het Hayden bygevoeg, die hoop is daar dat van die jurielede wat haar so op 'n spit gebraai het moontlik tog vir haar gestem het toe hulle pen op papier moes sit.

GiGi het gister gesê sy voel steeds of sy in 'n droom leef: "As ek môre (vanaand) wen, sal dit wees asof ek uit 'n vyf maande lange droom wakker word."

Sy het wel besef die stamvergadering het vir haar goed verloop.

"Daardie laaste stamvergadering was positief. Ek kon uitwerk wie dalk teen my sal stem en dis moontlik drie mense. Dit was baie onwerklik. Die jurie het sulke ondersteunende goed aan my gesê. Toe ek daardie aand in die bed lê, het ek die hele stamvergadering oor en oor in my kop sien afspeel."

Volgens GiGi was sy aanvanklik in die stamvergadering verward en kon sy nie die negatiwiteit teen Hayden verstaan nie. "Dis die eerste keer dat ek besef het hoe sy die spel gespeel het. Ek is net bly dat sy haar woord teenoor my gehou het en my saamgeneem het na die eindronde. Ek wóú in daardie eindronde wees."

■ Lees meer oor vanaand se episode in die berig op die Kuns & vermaak-blad.